

Die Heilige Gees, Jesus, en gebed – Hermie van Zyl

Is dit die Heilige Gees wat met ons praat in drome, en vir ons gesigte – en vrede – gee? Mag ek direk met die Heilige Gees praat en vir hom iets vra, byvoorbeeld, om my gedagtes te vernuwe, ensovoorts? Wanneer ek bid, bid ek tot God alleen of kan ek tot / deur Jesus ook bid?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Die vraag handel onder andere oor wie ons moet aanspreek in ons gebede.

Normaalweg sê ons dat ons *tot* God die Vader bid, *deur* Jesus, en *in* (die krag van) die Heilige Gees. Christus is die Middelaar tussen ons en God (Hebreërs 7:25; 9:24), daarom bid ons *deur* Jesus tot God (Johannes 15:16; 16:23). En die Heilige Gees is God se “Vertaler”:
Die Gees weet wat die diepste bedoeling van ons hart is en “vertaal”

dan ons stamelende woorde sodat die Vader sal verstaan, by wyse van spreke.

Dink hier aan 'n teks soos Romeine 8:26-27, waar staan dat ons nie mooi weet

wat om te bid nie, maar dat die Gees ons in ons swakheid bystaan en dat Hy

volgens God se wil vir ons by God intree. Daar is dus 'n innige band tussen die

Persone van die Goddelike Drie-eenheid om ons swakke gebede so te verstaan en

so te verhoor dat dit volgens God se wil én tot ons voordeel en geloofsgroei is.

So verkry ons die "maksimum voordeel" uit ons gebede, ten spyte

daarvan dat ons nie eens altyd mooi weet wat en hoe om te bid nie. (Selfs die

dissipels het "gesukkel" met gebed; daarom vra hulle op 'n keer vir

Jesus: "Here, leer ons bid ...", Lukas 11:1.) Ons hoef ons dus nie

daaroor te bekommer dat ons gebede nie "reg" sal klink vir God nie;

Hy is die Een wat ons gebede reg verstaan en reg beantwoord. Daarvoor sorg Hy

as Vader, as Seun en as Heilige Gees. Wat 'n wonderlike gedagte. Ons hoef nie "diep

gedagtes" uit te dink en dit in mooi woorde te klee nie. Die spreekwoord

sê mos: 'n Goeie begrip het 'n halwe woord nodig. En God het 'n baie goeie

begrip, as ons dit so menslik kan stel. Hy weet wat ons nodig het, nog voordat

ons vra (Matteus 6:7-8). Ons het nie 'n stortvloed van woorde nodig om Hom te

oortuig nie. Ons hoef ook nie vroom te klink of allerlei geleerde woorde te

gebruik nie. Die Heilige Gees het al klaar ons diepste

begeertes en bedoeling opgevang
en dit deur Christus aan die Vaderhart bekendgemaak. Al wat
God eintlik maar
net wil hê, is dat ons Hom in kinderlike vertrou sal nader; Hy
sal verstaan,
meer as wat ons onself verstaan. Inderdaad, “bo verwagting,
bo gebede,
skenk Hy ons sy vrede”, soos ‘n sekere kerklied lui.

Bogenoemde is wat
ons die Goddelike ekonomie kan noem as dit by gebed kom. Al
Drie die Persone
van die Goddelike Drie-eenheid is werksaam wanneer ons bid,
elkeen op sy eie
manier. Maar dit beteken nie dat ons nie ook tot slegs een van
die Persone in
die Goddelike Drie-eenheid kan bid nie. Ons gebede hoef nie
altyd die geykte
patroon te volg van bid *tot* God die
Vader, *deur* die Seun, *in die krag* van die Gees nie. Hoewel die
meeste gebede in die Bybel tot God (die Vader) gerig word, is
daar gevalle waar
die *Seun* ook aanbid word. So lees ons
in Johannes 14:13-14 dat ons tot
Christus in sy Naam kan bid. Dit klink vreemd om tot iemand te
bid in sy eie
naam, maar die bedoeling is waarskynlik hier om die innige
band tussen gelowige
en Christus tot uitdrukking te bring. Wie in die Seun glo,
leef in volle
lewensgemeenskap met Hom en praat daarom vanselfsprekend met
Hom en noem Hom by
die Naam. Verder, wie glo in Christus tree toe tot die
kragveld van die Vader
en die Seun (Johannes 14:10-12), en verkry dan in die Naam van
die Seun toegang

tot die gesprek tussen die Seun en die Vader. Hierdie gedagte kom ook voor in Matteus 18:20, waar staan dat as twee of drie in die Naam van Christus vergader (d w s, met aanroeping van sy Naam), Christus in hulle midde is. En so kom die innige band tussen Seun en Vader ook na vore, want vers 19 sê dat die Vader die gelowiges se versoek sal toestaan; basies dieselfde gedagte as by Johannes 14:13-14. Hierdie innige eenheid tussen gelowige, Vader en Seun maak dat ons gebede ook nie verval in allerlei trivialiteite nie, maar beweeg binne die wil van God. Want dan word dit gebede wat gerig is op die Christelike lewe en die voortsetting van Christus se werk op aarde, waardeur die Vader verheerlik word. Ook Paulus ken die aanroep van Christus se Naam. In 1 Korintiërs 1:2 praat hy van die gelowiges in Korinte wat die Naam van Jesus Christus aanroep. Dit het waarskynlik as agtergrond Psalm 116:4 waar die Naam van die Here aangeroop word. Daar is dit natuurlik die Here God van die Ou Testament (OT) wat aangeroop word, maar in 1 Korintiërs 1:2 word dit toegepas op Jesus Christus. Dus, net soos wat Gód in die OT aangeroop is (in die gebed), so word Jésus die Here nou in die NT aangeroop.

Hierdie gegewens is genoegsame aanduidings vanuit die NT dat ons met vrymoedigheid tot Jesus, die Seun, kan en mag bid.

Hoe staan dit met die *Heilige Gees*? Daar is nie spesifieke tekste in die Bybel wat sê dat mense pertinent tot die Gees gebid het nie. Maar soos bo reeds genoem, is die Gees as die derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid volledig God en net so 'n Persoon as die Vader en die Seun. Hy is nie bloot 'n onpersoonlike krag wat van God uitgaan nie. Daarom word aan Hom ook eienskappe toegeskryf wat tipies net by 'n Persoon hoort. So word Hy in die NT die Trooster of Voorspraak genoem wat oor die Seun getuig (Johannes 15:26); daar word verder gesê dat Hy alle dinge deursoek (1 Korintiërs 2:10), dat Hy besluite neem (Handelinge 15:28), dat Hy hoor en verkondig (Johannes 16:13), onderrig en herinner (Johannes 14:26), bid (vir ons intree, Romeine 8:27), en selfs dat ons Hom kan bedroef (Efesiërs 4:30). Dit is dus volkome geregverdig om tot die Gees te bid en Hom te vra om jou lewe voortdurend te vernuwe ooreenkomstig God se wil. Een van die oudste belydenisse in die kerk, die belydenis van Nicea (325 nC), sê dan ook dat die Gees van die Vader en die Seun uitgaan en saam met die Vader en Seun aanbid en verheerlik moet word. 'n Baie ou gebed en kerklid uit die 9e eeu lui byvoorbeeld: *Veni, Creator Spiritus* ("Kom, o Skepper Gees"); hierdie gebed/lied roep die Gees aan as die Een wat nuwe lewe aan die kerk sal gee. Geen wonder nie dat baie kerkliedere vandag ook direk tot die Gees gerig word. Ek haal maar een van

talle aan:

Gees van God wat in my woon,

breek die Woord vir my.

Gees van God wat in my woon,

kom en heilig my.

Troos my, sterk my, leer my, lei my.

Gees van God, kom heilig my,

breek die Woord vir my.

Wat die Heilige Gees en drome en gesigte betref – dis 'n onderwerp op sy eie. Ek het reeds by 'n vorige geleentheid volledig hieroor geskryf. Dit kan gevind word op ons webblad – bybelkennis.co.za. By “Soek Fasiliteit”, sleutel in: “Drome – Hermie van Zyl”, en die betrokke artikel sal dan verskyn. As daar dan nog vrae is, sal ek graag verder probeer antwoord.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

Die Heilige Gees – Francois Malan

Katie

vra:

Is wedergeboorte n voorvereiste om die Heilige Gees te ontvang of is die heilige gees ook in mense wat gelowig groot geword het maar nie die “oomblik” van wedergeboorte beleef het nie.

As die Heilige Gees in ons is, kan dit gebeur dat hy ons ook kan verlaat? Ook:

is dit die Heilige gees wat met ons praat in drome. Ook: ek kry skielik n

gedagte en wonder “wat sal gebeur” as ek n sekere ding sien in my

gedagtes. Dan gebeur dit wat ek gesien het. Dit gebeur nie daagliks nie. Dae of

weke kan verbygaan voordat dit gebeur. Is dit die Heilige Gees wat met my

gepraat het?

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

1 Oor jou vraag: Is

wedergeboorte 'n voorvereiste om die Heilige Gees te ontvang...

Die Heilige Gees is God wat in ons werk om ons te verbind aan Jesus Christus en sy liefdesoffer vir ons sonde en met sy opstanding uit die dood. Hy skep ons wedergeboorte deur ons tot geloof in Jesus te lei (Joh 15:26 en 16:8). Efesiërs 2:8 'Want uit genade is julle verlos deur geloof. En dit kom nie uit julleself nie, dit is die gawe van God.'

Wedergeboorte is God se werk in ons. In Johannes 1:12-13 sê Jesus: aan almal wat in sy Naam glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word, dié wat uit God gebore is. In Johannes 3:3 sê Jesus: 'Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou: As iemand nie van bo weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie' (die oorspronklike Griekse woorde *gennêthêi ânōthen* beteken 'weer gebore word van bo af'). In Johannes 3:6 'wat uit die Gees gebore is, is geestelik.'

Paulus gebruik die Griekse woord *palingennesía* vir 'weergeboorte' in Titus 3:4-7: 'Maar toe die goedheid en menseliefde van God, ons Verlosser, verskyn, het Hy ons verlos – nie op grond van werke wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar op grond van sy ontferming – deur die afwassing deur die wedergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees, wat Hy ryklik oor ons

uitgegiet het deur Jesus
Christus, ons Verlosser. So het ons, geregverdig deur sy
genade, erfgename
geword van die ewige lewe waarop ons hoop.'

In 1 Petrus 1:3 en 23 word die
Griekse woord *anagennáō* 'weergebore laat word'gebruik:

1 Petr 1:3-4 'Lofwaardig
is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat
ons in groot
ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die
dood, opnuut verwek het sodat ons 'n lewende hoop mag hê op
'n erfenis wat nooit vergaan, besmet word of verwelk nie, en
wat vir julle in
bewaring gehou word.'

1

Petr 1:23 'Julle is immers weer gebore,
nie uit verganklike saad nie, maar uit die onverganklike saad
– deur die
lewende en blywende woord van God.' God herskep ons
persoonlikheid tot 'n
radikale omkeer om nie meer vir onself te wil lewe nie, maar
vir God. En dit
doen Hy deur die Heilige Gees wat ons oortuig van die woord
van God wat ons
hoor of lees, sodat ons in Jesus glo as God wat vir ons sonde
gesterf het en
dat ons saam met Hom sal opstaan uit die dood.

2 Jou vraag oor mense wat
gelowig groot geword het maar nie die "oomblik" van
wedergeboorte
beleef het nie.

Die Heilige Gees werk in ons om ons tot geloof in Jesus te lei. Dit is nie in die eerste plek 'n belewenis nie, maar 'n saak van geloof. As jy glo in Jesus as jou Verlosser kan jy seker wees dat die Heilige Gees jou daarvan oortuig het. Vir sommige mense is hulle geloof in Jesus as hulle Verlosser 'n vreugdevolle ontdekking. Ander mense het van kindsbeen af in Jesus geglo, omdat die Heilige Gees reeds in babatjies van gelowige ouers kom woon het.

3 Jou vraag: As die Heilige Gees in ons is, kan dit gebeur dat hy ons ook kan verlaat?

Hebreërs 6:4-6: 'Dit is immers onmoontlik om hulle wat eenmaal verlig is, wat die hemelse gawe gesmaak, en deel gekry het aan die Heilige Gees, en wat die goeie woord van God gesmaak het, en ook die kragte van die komende bedeling, en tog afvallig geword het, weer opnuut tot bekering te bring, aangesien hulle wat hulleself betref, die Seun van God opnuut kruisig en openlik tot skande maak.' Volgehoue verwerping van Jesus as jou Verlosser kan lei tot verlating deur die Heilige Gees.

4 Jou laaste vraag oor die Heilige Gees wat met jou praat: die Heilige Gees kom woon in ons en lei ons elke oomblik van ons lewe, en nie slegs om toekomstige dinge te sien of te verwag nie. Maar dan verwag Hy dat ons op Hom sal wag om ons te lei en nie ons eie wil te probeer deurvoer as dit teen sy wil is

nie, maar dat ons sal kyk hoe Hy vir ons deure toemaak en ander oopmaak. Want God is v^{ir} ons, Hy het ons vrygespreek, Christus tree vir ons in by God, en geen swaarkry of ellende kan ons skei van God se liefde wat daar in Christus Jesus ons Here is nie (gaan lees Romeine 8:31-39).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die Heilige Gees – vroeë kerk en vandag – Hermie van Zyl

Willie vra:

Die invloed van die Heilige Gees op die Christene van die vroeë kerk het ongetwyfeld groot veranderinge in mense se lewens teweeg gebring. (Na aanleiding van Galasiërs 3 waar Paulus hulle uittrap omdat hulle so gou begin dwaal het nadat God groot wonders by hulle gedoen het.) Dit lyk of die Heilige Gees nie vandag ook dieselfde effek het in die kerk nie. My vraag is hoekom dit nie so is nie en wat ons dan doen om in ons lewens 'n struikelblok te veroorsaak vir dit wat by die vroeë kerk gebeur het?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Vanuit 'n sekere hoek gesien, is dit inderdaad so dat die beeld van die vroeë kerk een is waarop vandag se kerk nogal jaloers kan wees. Byvoorbeeld, as 'n mens die Handelingeverhaal lees, word vir ons 'n prentjie geteken van gelowiges

wat mededeelsaam is en mekaar van harte ondersteun, van wonders wat gereeld voorkom, en waar die getalle voortdurend uitbrei (vgl Hand 2:41-47; 4:32-35; 5:11-14). In die Romeinebrief praat Paulus juis van die bedeling van die Gees wat aangebreek het en dat ons nou nie meer deur ons ou natuur beheers word nie, maar deur die Gees (Rom 8:1-17, vgl veral v4,9-11). En 1 Korintiërs vertel van die besondere werking van die Gees in dié gemeente, in so 'n mate dat Paulus waarsku dat mense nie hoogmoedig moet word hieroor nie. Dis nie net diegene wat in tale praat wat die Gees ontvang het nie; nee, die Gees manifesteer op verskillende maniere en as verskillende gawes, en elkeen hiervan is belangrik vir die opbou van die gemeente (1 Kor 12; 14). Maar die punt is dat hierdie gemeente in 'n hoë mate die werking van die Gees beleef en gemanifesteer gesien het.

Maar ons moenie dink dat alles in die vroeë kerk getuig het van die besondere werking van die Gees in hulle midde nie. In die einste Korintiese gemeente het daar ook baie uitwasse voorgekom. Paulus kon nie met hulle praat soos met volwasse Christene nie omdat afguns en partyskappe aan die orde van die dag was onder hulle (1 Kor 3:1-9); onsedelikheid het voorgekom (1 Kor 5:1); gelowiges het mekaar onnodig hof toe gesleep (1 Kor 6); daar was ernstige meningsverskil oor die eet van vleis wat aan afgode geoffer is (1 Kor 8); ensovoorts. In die Hebreërgeskrif word weer vertel van die traagheid in geloofsvolharding in die gemeente, in so 'n mate dat totale afval gedreig het en die skrywer moes waarsku dat 'n mens wat totale afval ondergaan het, nie weer tot bekering vernuwe kan word nie (Heb 5:11-6:8). En soos ons vraagsteller opmerk, die Galasiërs word as "sonder begrip" uitgebeeld (Gal 3:1). Hulle het die volle evangelie van genade by Paulus gehoor en ervaar, maar kort voor lank was hulle weer aan die terugval in hulle ou weë. Hulle het klaarblyklik terugverlang na die veiligheid en struktuur wat die wet van Moses aan hulle lewe gegee het.

Alles was dus nie so voortreflik in die vroeë kerk soos ons

soms dink nie. Die punt wat ek probeer maak, is dat 'n mens nie die vroeë kerk moet idealiseer nie. Ja, hulle het die gawe van die Heilige Gees ontvang, en ook die vrug daarvan gelewer. Maar so het die sonde ook nog sy tol geëis. Want dit moet ons weet: solank ons op aarde is, sal ons nie aan die suigkrag van die sonde ontkom nie. Tog word ons deur die Gees in staat gestel om nie slawe van die sonde te wees nie, nie toe te laat dat ons daardeur beheers word nie; nog meer, ons kan nou die vrug van die Heilige Gees begin voortbring in ons aardse lewe.

Struktureel gesproke is daar dus geen verskil tussen die vroeë kerk en die kerk van ons eie tyd nie. Die vroeë kerk was nie beter af as ons nie; hulle lewe was nie op 'n hoër geestelike peil ons s'n nie. En al voel dit soms so – net omdat ons eerstehandse ervaring van ons eie tyd het en die vroeë kerk net “op papier” ken – is die kerk se geestelike lewe vandag nie noodwendig van 'n slegter standaard as destyds nie. Soos bostaande oorsig toon, lewe beide vroeë en eietydse kerk in die bedeling van die Gees, waar God se krag in ons vrygelaat word. Maar ons het beide ook te doen met die stryd teen die sonde, wat maar altoos dreig om van ons lewe besit te neem. Iemand wat vandag die kerk in Suid-Afrika – of in watter deel van die wêreld ook al – moet beskryf, sal 'n soortgelyke prentjie kan skilder as wat die Nuwe Testament van die vroeë kerk doen. Enersyds is al die tekens daar dat die Gees werkzaam is. Daar is pragtige projekte wat deur die kerk aangepak word wat wys dat die Gees ons sensitief maak vir die nood van die wêreld waarin ons leef. 'n Mens moet maar net jou oë en ore oopmaak en hoor en lees van al die wonderlike dinge wat die Here in en deur sy kerk besig is om te doen; dis niks minder as wonderwerke nie. Dieselfde oortuiging, toewyding en oorgawe is daar as in die vroeë kerk. Maar andersyds is ons ook pynlik bewus van ons tekortkominge en sonde – dinge wat in die kerk gebeur waaroor ons skaam is en wat ons met pyn moet bely aan die Here en teenoor mekaar. Ons het nog nie gearriveer nie. Maar dat ons noodwendig sleg afsteek teen die eerste kerk, is ek nie van oortuig nie, nie as mens die

bladsye van die Nuwe Testament noukeurig en eerlik lees nie. Want laasgenoemde is nie net 'n onvermengde verhaal van oorwinning oor die sonde en 'n lewe in die krag van die Gees nie; dis ook 'n prentjie van sonde en mislukking. Trouens, die Nuwe Testament is in hierdie opsig 'n spieël waarin ons kan kyk om ons onself te herken – as mense wat draers is van die Gees, maar wat terselfdertyd worstel met die sonde.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

Die Heilige Gees ontvang en vervul wees met die Heilige Gees – Francois Malan

WILLIE VRA:

As ek glo dat Jesus Christus DIE HERE is wat vir my sonde gesterf het, het ek die Heilige Gees ontvang. Dit verander nooit weer nie (hoop ek verstaan dit reg).

My vrae is:

- 1- is daar n verskil tussen die Heilige Gees ontvang en vervul wees met die Heilige Gees ?
- 2- Ef 5:18 – Laat die Heilige Gees julle volmaak . Kan u asb die begrip verduidelik (hoe werk dit)

Antwoord

1. Volgens Lukas 1:15 was Johannes die Doper reeds van sy geboorte af met die Heilige Gees vervul. Reeds voor sy geboorte het die kindjie in sy moeder Elisabet van

vreugde beweeg toe die swanger Maria haar gegroet het (Luk 1:44). So het die Here vir Jeremia 600 jaar voor die koms van Christus reeds gesê: Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel (Jer 1:5).

In Handeling 1:8 sê Jesus vir sy dissipels: Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom – om sy getuies te wees tot aan die uithoeke van die wêreld. En dan word hulle op die Pinksterdag met die Heilige Gees vervul en het begin praat in ander tale soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het (Hand 2:4). Die Here gebruik hulle met 'n tale wonder om te praat oor die groot dinge wat God gedoen het met die sterwe en opstanding van Jesus. Die wonder is dat mense van verskillende plekke in die Romeinse ryk wat vir die fees na Jerusalem toe gekom het, dit elkeen in sy eie taal kon hoor en verstaan (Hand 2:11). Daarmee wou die Here vir die kerk en vir die wêreld wys dat die goeie boodskap van verlossing deur Jesus vir alle volke, nasies en tale gekom het (Openb 10:11; 14:6) – getuies van Christus tot aan die uithoeke van die wêreld. Dit is die doel van die vervulling met die Heilige Gees.

Dit sou weer gebeur dat hulle met die Heilige Gees vervul sou word in dié sin dat die Heilige Gees ten volle oor hulle beskik: vgl. Hand 4:8-13 dat die ongeleerde en eenvoudige vissers, Petrus en Johannes, met vrymoedigheid voor die geleerde Joodse Raad van Jesus getuig het dat Hy die enigste persoon is waardeur ons verlos kan word. So het die gelowiges ook met vrymoedigheid die woord van God verkondig toe hulle met die Heilige Gees vervul is (Hand 4:31).

Die Heilige Gees is God wat in ons kom woon (Joh 14:17; Joh 14:20-21, 23 sê dat Jesus en die Vader by ons kom woon as ons Hom liefhet; Rom 8:11,14). Die werk van die Heilige Gees is om oor Jesus te getuig (Joh 14:26), om ons te oortuig van sonde en van hoe Jesus ons verhouding met God reggemaak het (Joh

16:8). Dit is Hy wat ons tot geloof in Christus lei (Ef 2:8) sodat ons deur ons geloofsband met die Seun van God kinders van wie God is (Rom 8:10-17).

Die vervulling met die Heilige Gees dui in Handeling op 'n besondere toerusting vir 'n besondere taak (soos in Hand 2:7-11; 6:5 en in 7:55 met Stephanus as diaken en martelaar-getuie van God en Jesus; 13:9-12 vir Paulus om die goewerneur van Siprus tot geloof in die Here te lei).

2. Efesiërs 5:18 skilder die teenbeeld van dronkenskap wat tot losbandigheid lei. Om jou egter onder die invloed van die Heilige Gees te stel dui hier op 'n voortdurende proses, anders as die momentele gebeurtenisse in Handeling waardeur die bese magte en kragte oorwin word. Die passiewe teenwoordige tyd van die Griekse werkwoord *plerousthe* 'om (steeds) vervul te wees' deur die Gees, wys op 'n voortgaande handeling deur die Gees. Ons moet sorg dat God ons kan volmaak met sy Gees wat in ons werk. In die lig van Ef 5:17 beteken dit dat ons volmaak moet word met die wysheid wat nodig is om die wil van God te ken om reg voor Hom te lewe, en dan so op te tree.

Hoe so'n lewe lyk word in Ef 5:19-21 in vier sinsnedes uitgespel: ons moet met mekaar praat as mense wat bly is en saam kan sing van God se liefde, mense wat entoesiasties borrel van vreugde dat God ons as sy kinders aangeneem het in ons geloofsverbondenheid aan sy Seun (vgl. Rom 8:15). Die vierde sinsnede sê ons moet nederig aan mekaar onderdanig wees. Filippense 2:2-5 stel dit nog sterker, dat ons sonder selfsug en ydelheid so eensgesind moet wees dat die een die ander hoër ag as homself, om die ander se belange raak te sien. Die tweede en derde sinsnedes vra dat ons uit ons harte psalms vir die Here sal sing en God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus sal dank. So sorg ons dat die Here ons vul met die Gees.

In Galasiërs 5:16-26 spel Paulus die lewe onder die Gees se leiding en met die Gees se krag uit, en beskryf die lewe van iemand wat vol van die Heilige Gees is. Die vrug van die Gees in ons lewe is: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing (5:22-23). So lyk en lewe iemand wat hom deur die Gees laat volmaak.

As jy **glo** in Jesus as die Seun van God, wat self God is en mens geword het (Joh 1:1,14) vir jou sondes gesterf het en dat jy nou saam met Hom kan opstaan uit die sonde en as kind van God (Joh 1:12) vir God begin leef, kan jy seker weet dat dit die werk van die Gees in jou is wat jou daartoe oortuig en gelei het.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)